DIE STEM VAN DIE MARTELARE

Mei 2025

GETUIES VAN DIE OPSTANDING

‘N OES IN VIËTNAM

DIE EVANGELIE VIR ONTWORTELDE SOMALIËRS

“Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is.” Heb 13:3

Die Prys van Gehoorsaamheid

Christene regoor die wêreld het onlangs bymekaargekom om die Kruisiging van Christus en Sy Opstanding, wat, soos opgeteken deur al vier Evangelies, eerste deur vroue aangekondig is, te vier. Die feit dat God vroue gekies het om die mees betekenisvolle nuus in die menslike geskiedenis te verkondig, is merkwaardig: 'n Vrou se getuienis was oor die algemeen nie as bewyse in die Joodse howe van daardie tyd aanvaar nie. En onder die Romeine word vroue nie toegelaat om as getuies van formele, openbare regshandelinge te dien nie.

Maar vir hierdie vroue, wat opdrag by die leë graf gegee is om van Christus se Opstanding te "gaan vertel", het Joodse en Romeinse kulturele waardes en praktyke vervang. Soos ons in die Evangelies lees, het hulle die dissipels vertel en die dissipels het hulle nie geglo nie.

Terwyl ons nadink oor die vroue se gehoorsaamheid om van Christus se Opstanding te "gaan vertel", selfs toe hulle kultuur hulle as onbetroubare getuies beskou het, moet ons onsself afvra of ons in ons eie getuienis van Christus stil geword het, uit vrees vir verwerping of afdanking. Ongeag hoe genadig en liefdevol ons is terwyl ons die Evangelie deel, is daar 'n onmiskenbare koste om Christus se getuie te wees. Dit is duidelik in die Skrif en duidelik in die lewens van ons vervolgde broers en susters, soos Khusi, wat in Suid-Asië woon.

Khusi is as jong tiener van 'n siekte genees nadat sy 'n kerk besoek het. Sy, en later haar ma en drie jonger susters, het vervolgens hulle geloof in Christus geplaas. En dit het Khusi duur te staan gekom. Sy het gekies om nie haar beledigende pa van haar nuwe geloof te vertel nie, maar toe hy haar by 'n Hindoe-*puja*-seremonie probeer insluit, kon sy nie meer stilbly nie. Soos verwag, het haar pa sy mishandeling verskerp. Khusi se ma het die huis verlaat om in die buiteland werk te kry, terwyl Khusi en haar susters by 'n pastor en sy vrou ingetrek het wat nou vir hulle sorg. Khusi is nog nie gereed om haar volle storie te deel nie, maar ek vra jou om stil te raak en vir haar te bid. Sy treur steeds oor die verlies van een van haar susters, wat net maande voordat ons met Khusi ontmoet het, gesterf het. En sy vra dat ons spesifiek vir haar pa se redding sal bid.

In hierdie maand se tydskrif sal jy twee vroue ontmoet wat, soos Khusi, 'n prys betaal het weens die feit dat hulle een van die eerste getuies van Christus in hul familie, gemeenskap of mensegroep was. Khoi is deur Kommunistiese owerhede gevra: "Wie gee jou die reg om die Evangelie te deel?" En Halima se liefdevolle getuienis het gehelp om een van haar vervolgers tot geloof in Christus te lei.

Soos die vroue wat die vreugdevolle nuus van 'n leë graf aangekondig het, was hierdie vroue gehoorsaam om van die verrese Christus te "gaan vertel". Loof God vir ons susters in Christus wat van Hom getuig, ongeag die koste.

Op die voorblad: *Halima, wat as 'n Moslem in Somalië grootgeword het, het saam met haar familie uit die land gevlug na die begin van die Somaliese burgeroorlog. Jare later het sy tot geloof in Christus gekom nadat sy 'n kerk besoek het waar sy die Evangelie gehoor het.*

‘n Lewe VIR DIE HERE ALLEEN

Vyftig jaar van weduweeskap en kommunistiese onderdrukking kon nie ‘n Viëtnamese stam-Christen se vreugde in Christus verswak nie.

Khoi woon alleen in 'n klein huisie, nie ver van haar kerk af nie. Op 95-jarige ouderdom, kook en maak sy steeds vir haarself skoon en geniet die besoeke van haar kinders en kleinkinders. Die bron van haar tevredenheid word egter die duidelikste wanneer sy haar gunsteling vers, Matthéüs 22:37, uit die Skrif aanhaal. *“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand”,* haal sy aan en tik saggies met haar vinger om klem te lê.

Sy is dankbaar, sê sy, om nog gesond genoeg te wees en sterk genoeg om op haar eie te wees, al is sy spyt daaroor dat sy nie meer kan reis om die Goeie Nuus wat haar hart gewen het, te verkondig nie. In plaas daarvan, wy sy haarself nou daaraan om te bid vir haar kinders, haar kerk en vir diegene wat die ses-dekade nalatenskap van evangelisasie, wat sy en haar man onder hul mensegroep begin het, voortsit.

Baie wat in die hooglande van Viëtnam woon, is volgens tradisie animiste wat aan natuurgeeste offer en voorvaderaanbidding beoefen. Sommige woon in lang drievertrek-huise wat op stelte gebou is en met dierehorings op elke hoek van die dak versier is om teen bose geeste te waak. Die sentrale vertrek dien as 'n slaapkamer vir die hele gesin en sluit 'n heiligdom in waar offers aan verskeie geeste gebring word.

In 1924 het Christensendelinge in die kusstad van Da Nang Viëtnamese pastors en evangeliste begin oplei vir die werk om die Evangelie onder Viëtnam se geografies geïsoleerde etniese groepe te verkondig. Die werk het stadig gevorder in die meer bevolkte stamme, maar dit was meer as 30 jaar voordat die Evangelie Khoi se mensegroep bereik het.

Vrede in Moeilike Tye

Khoi is in 1929, 'n onstuimige era van groei in Viëtnamese sosialistiese ideologie, in wat destyds Frans Indo-China genoem was, gebore. Sy was nog 'n baba toe Ho Chi Minh die Indo-Chinese Kommunistiese Party (later die Kommunistiese Party van Viëtnam) gestig het en begin het om kommunistiese komitees regdeur die land te organiseer.

Nadat die Franse koloniale bewind van Viëtnam in 1954

geëindig het, het die daaropvolgende stryd tussen Kommuniste en anti-Kommuniste magte die land uitmekaar geskeur. Tog het die lewe normaal voortgegaan in die dorpie waar Khoi gewoon en die grond saam met haar gesin bewerk het, en sy het uiteindelik 'n man met die naam Nhat ontmoet met wie sy in die vroeë 1950's getrou het. Etlike jare later, in 1957, het 'n evangelis in die dorp gearriveer met 'n boodskap wat hul lewens verander het.

"Hy het hierheen gekom om oor Jesus te praat," het Khoi gesê. “Na 'n paar kere van ontmoeting, het my man en ek Jesus aangeneem.” Khoi en Nhat was die eerstes in hul dorpie om hulle geloof in Jesus Christus te plaas. Alhoewel hul families en bure nie hul geloof verhinder of verbied het nie, het hulle geen rede gesien om dieselfde pad te volg nie. Maar hulle het 'n verandering in Khoi en Nhat opgemerk.

"Voordat ek 'n Gelowige geword het, het ek net my normale lewe gelei," het Khoi gesê en verduidelik dat "normaal" 'n lewe van uitmergelende werk, onsekerheid en slawerny aan wispelturige geeste beteken het. “Nadat ek 'n Gelowige geword het, het ek 'n baie vreugdevolle lewe gelei. Ek het vreugde in my hart gehad en my lewe aan die Here oorgegee.”

In 1959 het die egpaar gevoel dat Nhat tot die bediening geroep word. Hulle eerste stap was dus om by 'n Bybelskool in die veel groter stad, Da Nang, in te skryf. “Ek was net so bly om saam met my man te wees en om opgelei te word om die Here te dien,” het Khoi gesê, "dat ek geen probleme gevind het om van die dorp na die stad te trek nie. Ek het dit geniet om daar te woon, want ek het die geleentheid gehad om die Woord van God te bestudeer.”

Die egpaar het gereeld tydens hul kweekskoolopleiding

▲ Op die ouderdom van 95 gaan Khoi voort om vir jonger Christene te bid en hulle te bemoedig terwyl hulle die Evangelie in Viëtnam verkondig.

▲ Die stadslewe was 'n skrille kontras met die stamlewe in die berge van Viëtnam.

en die jare daarna verhuis. Soms is hulle deur plaaslike owerhede gedwing om te trek en ander kere het hulle op versoek van kerkleiers verhuis. In plaas daarvan dat dit tot frustrasie of vrees gelei het, het die trekkery egter hul bedieningsgeleenthede vergroot en hulle toewyding aan die Here versterk.

"Jy weet," het Khoi gesê, "dit is verstommend wat die Here op my hart geplaas het ... onderrigting en bediening. Op daardie tydstip het ons grond gehad, ons het 'n veld gehad, ons het 'n huis gehad, maar toe God my en my man geroep het om kweekskool toe te gaan en Hom te dien, het dit voorgekom dat ek van alles vergeet het. Ek het nie meer aan die besittings gedink nie. Net bediening was op my hart."

Soos hul gesin van twee kinders tot ses kinders in totaal gegroei het, het hulle nuwe kerke geplant en ander bedieninge, soos bv. weeshuise, gestig terwyl hulle van plek tot plek beweeg het. Teen 1975 het daar, na skatting, 3,000 lede van hul mensegroep deur die getuienis van evangeliste soos Khoi en Nhat tot Christus bekeer.

"Dit was soos 'n wonderwerk van God," het Khoi gesê. "Ons verstaan nie hoe God hulle harte aangeraak het nie. Ons het net die Here liefgehad en die Here met ons hele hart gedien, en ons het ons mense liefgehad. Ons het die Evangelie met die mense gedeel, ons liefde aan hulle betoon, en hulle het net hul harte oopgemaak en Jesus aangeneem."

Khoi en Nhat het geweet dat swaarkry 'n deel van die lewe was, maar om oor hulle geloof vervolg te word, het nooit in hulle gedagtes opgekom nie, veral omdat hulle so baie familielede en bure gesien het wat hul geloof in Christus plaas. Etniese groepe het egter deur die Evangelie verander en Kommunistiese leiers, wat nie in staat is om hul beloftes van 'n beter lewe na te kom nie, het kennis geneem.

Weg

Teen 1975 het Khoi en Nhat twee kleinkinders gehad wat hulle 'n vreugdevolle, maar stampvol, huis gegee het. In die lente van daardie jaar het Kommunistiese magte van noordelike Viëtnam die anti-kommunistiese suide oorgeneem en Viëtnam onder Kommunistiese beheer, herenig. Die Kommuniste, wat beweer dat Christenskap 'n instrument van die CIA was om Viëtnam te infiltreer, het Christenpastors soos Nhat as buitelandse agente en vyande van die regeringstelsel beskou

Eendag het Nhat die huis verlaat en nooit teruggekeer nie. Khoi het gerugte gehoor dat hy gearresteer is en vir 'n rukkie van tronk na tronk verskuif is, maar sy het hom nooit weer gesien nie en weet ook nie wat van hom geword het nie.

Staatsamptenare het Khoi herhaaldelik uitgevra oor haar man se Christelike aktiwiteite. En uiteindelik het hulle beslag gelê het op haar huis en eiendom en sodoende Khoi en haar agt afhanklikes haweloos en brandarm agtergelaat.

Khoi en haar gesin het gesukkel om hulself te onderhou en het by bure en vriende gebly. Khoi het haar karige verdienste aangevul deur kos in te samel uit die oerwoud rondom hul dorpie. Sedert die kinders van werkende ouderdom in die stad grootgeword het en min van landbou geweet het, het die laste van 'n lewensbestaan uitsluitlik op Khoi geval.

"Ek was so moedeloos en so teleurgesteld daardie tyd," het sy gesê, "maar die Here het liefde in my hart geplaas en ek het net op God vertrou. Ek het nie geweet om iets anders te doen nie."

Tussen besoeke aan regeringskantore om inligting oor Nhat te bekom, het Khoi as arbeider in bure se lande gewerk. Sy is ook gereeld na die distrik se polisiestasie vir ondervraging ontbied, wat 'n roete van meer as 19km te voet in verslete pantoffels – en uiteindelik kaalvoet – omdat sy nie skoene kon bekostig nie, vereis het. Die ondervragings wat geskeduleer was vir vroeg in die oggend en ure geduur het, het gehandel oor Christelike aktiwiteite en medewerkers van haar en haar oorlede man. Die tyd wat sy spandeer het om te reis en die ondervragings wat sy verduur het, het grootliks ingemeng met haar vermoë om 'n lewensbestaan te maak.

"Ek het baie hard gewerk," het Khoi gesê. "Ek was so ellendig op daardie stadium."

Toe God my en my man geroep het om kweekskool toe te gaan en Hom te dien, het dit voorgekom dat ek van alles vergeet het. Ek het nie meer aan die besittings gedink nie. Net bediening was op my hart.

Tog het Khoi dankbaar gebly vir klein seëninge. Toe iemand vir haar oudste seun 'n ou fiets gegee het, was Khoi verheug oor die vermoë om terug te keer na gemeenskap en bediening in 'n kerk.

Haar seun het haar elke Sondag amper 33km op die fiets kerk toe geneem.

Elke kerkbesoek het 'n nuwe ondervraging gebring; die owerhede wou weet waarheen sy gaan en met wie sy ontmoet het. Maar die terugkeer na die kerk het ook haar roeping van evangelisasie weer opgewek. “In my gedagtes,” het sy gesê, “het ek gedink: ‘Ek het nie meer ’n man nie, so nou lewe ek net vir die Here.’ Dit was my behoud om Jesus getrou te volg.”

Khoi het gou van huis tot huis begin reis en die Bybel aan almal wat wou luister, onderrig. Toe, terwyl sy een Sondagoggend in die kerk was, het die polisie op die kerk toegeslaan en op Bybels beslag gelê en Khoi beveel om weer in te kom vir ondervraging.

"Wie is jy, dat jy opstaan en die Bybel leer?" het hulle geëis. “Wie gee jou die reg om die Evangelie te verkondig?”

“Niemand het vir my gesê om dit te doen nie,” het Khoi geantwoord. “Dit is wat ek moet doen. Dit is die regte ding om te doen.”

Oes in die Hooglande

Khoi het vir 50 jaar 'n getroue dienaar van God gebly onder Kommunistiese beheer in Viëtnam, waar ‘n geskatte 15,000 lede van haar mensegroep vandag Christene is. Sy is dankbaar dat haar kinders ook die pad van geloof, waarop sy en Nhat hulle oor die jare gelei het, gevolg het. “Die Woord van God is gewortel in hulle harte,” het sy gesê. “Hulle het grootgeword, hulle is getrou aan die Here, en dit is die werk van God in hulle.”

Nadat sy 'n huis en die daaglikse benodigdhede teruggekry het waarsonder sy vir 37 jaar klaargekom het, bly Khoi op God se konstante en liefdevolle voorsiening vertrou. “God is my herder,” het sy gesê. “Hy sorg vir my en Hy beskerm my.”

Sy leer ander vreugdevol die swaarverdiende lesse wat sy deur vervolging en volharding geleer het. “Vir diegene wat probleme ondervind,” het Khoi gesê, “spandeer ek tyd om hulle te besoek en te bemoedig, en wat ek het, gee ek aan hulle. Ek sê vir hulle dat ons God alles weet, daarom plaas ons ons lewe in God se hande en wees net getrou in die Here.” ■

▼ *Links:* Die gawe van 'n ou fiets het Khoi in staat gestel om terug te keer na eredienste en het haar passie vir evangelisasie vernuwe. *Regs:* Stam-Christene in Viëtnam trotseer dikwels streng beperkings in die beoefening van hul geloof. Byvoorbeeld, terwyl dit wettig is om 'n Viëtnamees-talige Bybel te besit, is sommige stam-taal Bybels streng beperk.



‘N BYBEL
vir Elke Gelowige

Elke Gelowige in Jesus Christus behoort toegang te hê tot God se Woord. **Ons weet van ten minste 450,000 Christene in vyandige gebiede of beperkte nasies wat op die oomblik wag vir 'n Bybel.** HELP ONS ASSEBLIEF OM VANDAG VIR HULLE BYBELS TE VOORSIEN.

Sluit by ons aan om God se Woord te voorsien. *Help om ‘n kopie van die Bybel in die hande van ons vervolgde Christenbroers en -susters te plaas.*

www.persecutionsa.org/donate

EERSTE OM TE ONTVANG EERSTE OM TE VERGEWE

Nadat sy verwerping en verlies gely het, het 'n Christen-bekeerling uit Islam ander Somaliërs gehelp om die Verlosser wat haar rede om te sing herstel het, te leer ken.

As Halima geweet het sy stap by 'n kerk in, sou sy nie ingeskryf het nie. “Toe hulle sien my rok is die Islamitiese styl, was hulle geskok,” het sy oor die Christene binne gesê. Toe het sy hulle nog ‘n groter verrassing gegee. Terwyl sy nog haar *hidjab* dra, ’n Islamitiese hoofbedekking vir vroue, het sy haar hand opgesteek toe die pastor gevra het of iemand belangstel om Christus te ken. “Ek was die eerste Somaliese vrou wat Christus in daardie kerk aangeneem het,” het sy gesê. En Halima se man, Bekele, 'n kommunis en voormalige weermag-kolonel, het ook daardie dag Christus leer ken.

vom.org

▲ Halima raak bevriend met vlugtelingvroue op straat en in winkels, vra hulle oor hul probleme en deel hoe die Here haar in tye van benoudheid gehelp het.

Halima se uitgebreide Moslemfamilie het bekende Somaliese politieke en Islamitiese leiers ingesluit. Een was lid van die Parlement en nog een was 'n leier van die stam waaraan die land se president behoort het. Haar familie se verbintenisse met magte was egter nie altyd 'n voordeel nie.

Toe Halima 'n jongmeisie was, was haar gesin gedwing om landuit te vlug nadat burgeroorlog in die 1980's uitgebreek het. “Daar was 'n groot teiken op ons omdat ons aan die stam van die leier behoort het,” het Halima gesê. Jare lank het gewapende rebellegroepe betrokke geraak in geveg met regeringsmagte en uiteindelik die regerende militêre junta omvergewerp. Intermitterende stam-gebaseerde gevegte, asook aanvalle deur die Islamitiese ekstremistegroep, al-Shabaab, gaan vandag voort.

Halima het grootgeword as 'n vlugteling in 'n buurland en haar gesin is deur die jare deur talle hulpgroepe bygestaan. Toe 'n pastor wat die Evangelie met haar man gedeel het hulle egter een Sondagoggend opgetel en na 'n gebou met 'n fluoresserende kruis daarop geneem het, het sy gedink hulle besoek 'n Rooi Kruis-sentrum.

Maar toe sy eers binne was, het die pastor se boodskap haar hart geraak. "Hy het oor die geveg tussen Jakob en Esau gepraat," het sy onthou. Halima het van *Yaqub* (Jacob) uit die Koran gehoor, wat sy haar hele lewe lank bestudeer het, maar sy het nog nooit sy storie gehoor soos die pastor dit daardie dag vertel het nie.

"Ek het gedink hy praat oor my lewe," het sy gesê. “Die geveg in Somalië was net tussen die familielede. Hy het oor die reis en hoe Jakob in die woestyn ingegaan het en op die klippe geslaap het, gepreek. Ek het gehuil omdat ek myself hierin geïdentifiseer het.”

Alhoewel Halima 'n beperkte begrip van die plaaslike taal gehad het, het sy gesê God het haar gehelp om alles te verstaan wat die pastor gesê het. “Ek het nog nooit so 'n storie in die Koran of enige ander plek gehoor nie,” het sy gesê. “Ek het gehuil, en my man was verbaas dat ek gehuil het. Ek het gedink dat almal wat na daardie gemeente gekom het 'n ontwortelde persoon soos ek was.”

Nadat hulle op die pastor se boodskap gereageer het, het Halima en Bekele vir etlike dae by die kerk gebly om onderrig te ontvang in die basiese beginsels van die Christelike geloof. "Ons was mal oor die onderrig," het Halima gesê. As iemand wat toegewyd aan Islam grootgeword het, het sy gesê dit het tyd en die werk van die Heilige Gees geneem om haar geloof in Jesus Christus as die Seun van God te verseker.

Kort voor lank het sy ander van Christus vertel. “Ek het net die Evangelie aan ander mense begin verkondig, selfs voor ek gedoop is,” het sy gesê. Haar uitgebreide familie was geskok oor haar bekering en hoe dit haar verander het. Toe sy haar sieklike pa by die familiehuis besoek het, het haar broer haar aangeval omdat sy haar Christelike geloof met sy dogter gedeel het. Hy het selfs 'n pistool op Halima afgevuur, wat haar aangespoor het om deur 'n venster te ontsnap. “Ek het geweier om terug te keer na Islam en het vasgestaan in my geloof,” het sy gesê.

Meeste Somaliërs glo dat om 'n Somaliër te wees, is om 'n Moslem te wees. Diegene wat Islam verlaat om Christus te volg, word as verraaiers van hul godsdiens, nasionaliteit en familie beskou. “Dit is baie moeilik om daardie hegte stam-gemeenskap te verlaat,” het sy gesê.

Tragedie en Redes om te Sing

Met verloop van tyd is Halima en Bekele gedoop en verder in die geloof en bedieningsopleiding geonderrig. En in die jaar 2000 is die egpaar genooi om 'n opleidingskursus vir Christelike leiers in Nigerië by te woon. Toe hulle in Januarie

> Die Heilige Gees het my gehelp en my vertroos.

2000 by die lughawe aankom vir hul vlug, is Halima egter toestemming geweier om te reis. Ondanks hul betogings moes Bekele sonder haar gaan.

Toe, twee dae later, het sy verskriklike nuus ontvang. Kort nadat die vliegtuig waarmee Bekele gereis het in die Ivoorkus met 'n tussenstop opgestyg het, het dit in die Atlantiese Oseaan neergestort, wat hom en 168 ander aan boord gedood het. Halima het na die Ivoorkus gereis om haar man se lyk uit te ken. "Dit was 'n baie moeilike tyd," het sy gesê, "maar omdat ek aan God vasgehou het, het ek oorleef."

Halima se hartseer het voortgeduur nadat sy teruggekeer het huis toe en haar familielede geweier het om by haar aan te sluit om 'n gebruiklike drie dae van rou te handhaaf . "Nie eens 'n enkele persoon van my familie het my kom troos toe my man gesterf het nie," het sy gesê. "Omdat ek Allah verwerp het, het Allah my man doodgemaak; dit is wat hulle gesê het."

Haar Moslemfamilie het verwag dat sy die Christelike geloof na so 'n kwellende verlies sou verlaat. Maar te midde van die verlies en eensaamheid, het Halima nader aan Christus gekom. "Die Heilige Gees het my gehelp en my vertroos," het sy gesê. "God het my regtig baie bemoedig."

Toe Bekele nog gelewe het, het Halima dikwels gesing terwyl haar man kitaar gespeel het, en daarna sou hy preek. Na sy dood het sy aanbiddingsliedere begin skryf en opneem. "Geestelike liedere het tot my hart gespreek," het sy gesê, "en ek het baie betrokke geraak by die komponering van musiek. Dit was baie bemoedigend vir my."

Uiteindelik het sy haar Somaliese aanbiddingsliedere in 'n album saamgestel, iets uniek in 'n kultuur waar slegs 1% Christene is.

Haat Verander na Liefde

Toe haar familie haar musiek hoor, het hulle dit as godslasterlik beskou. Een van haar broers was so woedend dat hy gereël het dat sommige Moslemvriende haar aanrand.

Terwyl sy eendag 'n kerk verlaat het, het twee mans haar aangeval en haar begin slaan. Gelukkig het 'n nabygeleë polisiebeampte die aanval gesien en ingegryp. "My gesig was geswel en ek het gebloei," het sy gesê. "Die polisieman het hulle gearresteer en hulle gewaarsku dat ek regte het."

Terwyl die beampte die aanvallers tronk toe geneem het, is Halima huis toe om te herstel. Maar toe sy daar aankom, het sy gevoel hoe God met haar praat. "Ek het neergekniel en gebid," het sy gesê, "en God het vir my gesê: 'Gaan terug na die plek en help hulle om vrygelaat te word.'"

Maar Halima wou nie die mans help nie. "God, U sorg nie vir my nie!" het sy in gebed uitgeroep. "Hoekom gee U vir my so boodskap?" Ten spyte van haar huiwering het sy besluit om die volgende dag terug te keer na die polisiestasie.

Daardie oggend het sy ontbyt gemaak en dit na die stasie geneem waar 'n senioroffisier vir haar gesê het dat die aanvallers ten minste ses jaar in die tronk sou spandeer. "Ek het by sy voete neergeval en hom gevra om hulle vry te laat," het sy gesê. Uiteindelik het die beampte ingestem en haar 'n dokument laat teken wat instem tot hul vrylating. Nadat sy dit geteken het, het sy die ontbyt vir die twee aanvallers gegee en weer gegaan.

Nege maande later, terwyl sy dieselfde kerk, naby die plek waar sy aangeval is, besoek het, het Halima gehoor hoe iemand haar naam roep. Toe sy omdraai, het sy geskrik toe sy sien dat dit een van haar aanvallers was.

"Halima," het hy gesê, "ek wil jou nie slaan nie. Ek is vandag hier vir 'n ander rede." Hy het toe vir haar gesê dat hy vir ses weke na sy vrylating uit die tronk gesukkel het om te slaap ... totdat hy uiteindelik sy geloof in dieselfde, een ware God wat Halima volg, geplaas het.

"Ek self het Christus aangeneem," het hy vir haar gesê, "en nou is my dorpie gered!"

Deel Goeie Nuus met Somaliërs

Vandag verkondig Halima die Evangelie onder die duisende ontwortelde Somaliërs in Oos-Afrika en besoek dikwels klein winkels om met Somaliese vroue wat daar werk, te praat. Omdat sy ook ontwortel is, deel hulle baie dieselfde stryd en hartseer. Halima het gesê baie van die vroue ly aan angs en sukkel om te slaap. Nadat sy geluister het, bied sy aan om vir hulle te bid.

Wanneer sy later opvolg om te vra hoe dit met hulle slaap gaan, vertel baie vir haar dat hulle uiteindelik 'n rustige nag gehad het. Dan vra hulle haar gewoonlik om weer vir hulle te bid, wat vir Halima die geleentheid bied om hulle te verduidelik hoe hulle direk tot God kan bid. "Ek sê dat as jy *Isa al-Masih* (Jesus die Messias) aanneem, dan sal God jou gebede verhoor soos Hy my gebede verhoor het," het sy gesê.

Halima sê die aantal ontwortelde Somaliërs het aansienlik toegeneem in die afgelope jaar as gevolg van aanvalle deur Al-Shabaab. As sy aan haar eie probleme terugdink toe sy dekades gelede uit die land gevlug het, sê sy dit is belangrik om ander te troos met die vertroosting wat die Here haar gegee het.

"Ek dink om aan die Here vas te klou, is die beste ding om te oorleef," het Halima gesê. "Ek beskou nie myself nou as 'n weduwee nie; ek glo dat Jesus by my is." Terwyl Halima haar liedjies en verhale van oorlewing met Somaliërs in Oos-Afrika deel, is sy 'n lewende getuie van God se goedheid, selfs in die moeilikste van omstandighede. ■

KAN JY R1.50 SPAAR?

HELP ONS ASSEBLIEF, HELP CHRISTENE IN NOORDELIKE MOSAMBIEK

Jakobus 2:16 – AFR53
En een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, *maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie* – wat baat dit?

Christian Mission International (VOMSA), het die geleentheid om saam met ***Matter*** te werk om *ManaPacks* vir ons krisisbeheer-program in Noordelike Mosambiek te verskaf. Hierdie versterkte maaltye is 'n effektiewe en goed-ontvange ingryping vir die kwesbaarste mense aan wie ons bedien. *ManaPacks* word onder gemeenskapslede versprei wat voedselonseker is en/of deel is van die intern ontwortelde bevolking. Al ons voedselverspreidings ***sluit 'n Evangelie-aanbieding, Bybelverspreiding, berading en dissipelskap***, waar nodig, in.

Matter sal ons van gevulde skeepshouers voorsien. Saam met *IRIS Global*, sal ons dienooreenkomstig versprei soos die Here lei.

- **Elke houer voorsien aan 4,500 mense, twee maaltye per dag — VIR EEN MAAND!**
- Totale koste (insluitend versending, invoer, vervoer binne die land en verspreiding) is **R400 000 per houer, dit wil sê 'n koste van R1,50 per ete per persoon.**
- *Ons het die logistieke kapasiteit om **24** houers in 2025 te versprei.*

Kom ons plaas die **"SKENK"** in **"SKENKING"** om ons **Broers en Susters in Christus** te help.

FONDSINSAMELING
DOELWIT

Hierdie is net vir 1 skeepshouer

Bankbesonderhede vir hierdie projek:
Christelike Sending Internasionaal • **Nedbank** • **Rekening nr.:** 1925-024954 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)
Verw: **MozMatters**/Naam/E-pos — *(voorsien dit asseblief sodat ons u kan bedank).*

"Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees" **Lukas 12:34**

Gebedsdagboek

Mei 2025

D	1.	TUNISIË	Bid dat baie Tunisiërs Christus sal leer ken aangesien die regering groter godsdiensvryheid toelaat.
V	2.	BAHREIN	Bid vir Christene wat deur die regering geteister en gevange geneem word.
S	3.	ETIOPIË	Bid dat elke Gelowige toegang tot God se Woord sal hê.
S	4.	VAE*	Bid dat Christenbekeerlinge God se liefde aan hulle vervolgers sal toon.
M	5.	IRAK	Moslems wat in Irak tot die Christendom bekeer, trotseer dikwels doodsdreigemente. Bid vir hulle veiligheid en geestelike groei.
D	6.	BANGLADESJ	Loof God vir die vrymoedige geloof van Shebone, 'n tiener wat haar broers en susters tot geloof in Christus gelei het.
W	7.	KIRGISIË	Christenbekeerlinge uit Islam verloor dikwels hul werke. Vra God om in hulle behoeftes te voorsien volgens Filippense 4:19.
D	8.	LAOS	Bid vir Siporn wat sy werk verloor het nadat hy geweier het om sy geloof te versaak. Loof God vir sy getroue getuienis.
V	9.	TADJIKISTAN	Bid dat Christene met vrymoedigheid die Evangelie aan Tadjikse kinders sal verkondig, selfs al is dit onwettig.
S	10.	COMORE	Bid dat God meer vertalers sal voorsien om aan Bybelvertalings in die moedertale te werk.
S	11.	MALEDIVE	Bid vir Bybelvertalingswerk in Dhivehi, die taal van die Maledivers.
M	12.	JORDANIË	Bid vir Christenvroue wat gewelddadige teenstand van hulle mans trotseer wanneer hulle Islam verlaat om Christus te volg.
D	13.	BURUNDI	Bid vir die beskerming van Frontlinie-Werkers wat die Evangelie in Moslemgemeenskappe verkondig.
W	14.	CHAD	Bid dat familielede en Islamiete wat Christene vervolg, berou sal toon en hulle geloof in Christus sal plaas.
D	15.	UGANDA	Bid vir beroepsopleidingsprogramme wat Christene ondersteun wat deur hulle families vermy word.
V	16.	IRAN	Bid dat gevange Iranse Christene selfs agter tralies vreugde sal ervaar.
S	17.	INDIË	Loof God vir Pastor Ramesh se getuienis terwyl hy in die tronk is op aanklag van oortreding van anti-bekeringswette!
S	18.	SIERRA LEONE	Gebruik Handelinge 16:16-18 as 'n riglyn en bid dat tradisionele godsdienstige sjamane deur die krag van Jesus Christus vrygemaak sal word.
M	19.	ERITREA	Loof God dat die kerk aanhou groei danksy die getrouheid van Christene binne en buite die land.
D	20.	MIANMAR	Bid vir die krag en bemoediging van diegene wat vervolg word omdat hulle hul geloof deel.
W	21.	TURKYE	Bid vir Christene wat die bykans 4 miljoen vlugtelinge van Sirië, Irak en Iran bedien.
D	22.	KOEWEIT	Bid vir die getuienis van uitgewekene Christene wat hulle werk en immigrantstatus op die spel plaas om die waarheid van Christus te verkondig.
V	23.	KAZAKSTAN	Bid dat Gelowiges in ongeregistreerde huiskerke hulle byeenkomste sal voortsit, ten spyte van polisie se ondersoek.
S	24.	LIBANON	Dank God, volgens Kolossense 1:3-4, vir die baie Christelike bedieninge in Libanon wat Siriese vlugtelinge bedien.
S	25.	TOGO	Bid vir die veiligheid van Christene wat deur militante Fulani-Moslems bedreig word.
M	26.	KUBA	Bid vir groter toegang tot Bybels. Regeringsonderdrukking het sommige Christene in Kuba verhoed om ooit een te besit.
D	27.	DJIBOETI	Bid vir 'n hernieude poging om nuwe Gelowiges in dissipelskap op te lei, selfs al is dit ontmoedigend.
W	28.	MAROKKO	Min gedrukte Bybels bestaan in hierdie land van ongeveer 35 miljoen mense. Bid vir groter toegang tot God se Woord.
D	29.	GUINEE	Politieke onstabiliteit het bygedra tot die opkoms van radikale Islam. Bid dat Moslemekstremiste hulle tot Christus sal wend.
V	30.	NIGERIË	Bid dat ontwortelde gemeentes in noordoostelike Nigerië God se voorsiening sal ervaar.
S	31.	BHOETAN	Bhoetanese Christene moet dikwels in die geheim ontmoet. Bid dat hulle geheime byeenkomste 'n vrymoedige getuienis vir Christus sal aanwakker.

*VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

Raak Betrokke

"Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is." Heb 13:3

BID

Bid vir Christene soos Divine. Bid dat hulle standvastig sal staan in die geloof terwyl hulle van trauma en beserings herstel en dat hulle vertroos sal word terwyl hulle ander wat groot verlies gely het, help troos. Bid dat hulle getroue getuienis vir Christus hulle vervolgers sal lei om berou te toon en die Here te leer ken.

HELP VERVOLGDE CHRISTENE

Wanneer Christene weens hulle geloof vervolg word, voorsien die globale liggaam van Christus bemoediging en ondersteuning, en verseker hulle dat hulle nie alleen is nie. Jou geskenk kan gebruik word om mediese sorg, tydelike skuiling en voedsel te voorsien, en om ander unieke behoeftes te vervul en ons broers en susters toe te rus om vrymoedige getuies te wees.

WAAR MEESTE BENODIG

Die Stem van die Martelare bedien reeds vir meer as 55 jaar ons vervolgde Christenfamilie in die moeilikste en gevaarlikste dele van die wêreld. Jou geskenk aan "Waar Meeste Benodig" sal gebruik word om Christene in vyandige gebiede en beperkte nasies te help asook om ander lede van die liggaam van Christus tot gemeenskap met hulle te trek

Donasie:

Bankbesonderhede: Christelike Sending Internasionaal

Nedbank
Rek nr.: 1925-024946 (Tjek)
Takkode: 192505 (Bedfordview)
Verw.: U Naam en Selnommer

Standard Bank
Rek nr.: 02-249-5592 (Tjek)
Takkode: 018305 (Bedford Gardens)
Verw.: U Naam en Selnommer

ABSA Bank
Rek nr.: 909-861-7711 (Spaar)
Takkode: 632005 (Bedford Centre)
Verw.: U Naam en Selnommer

Volg ons:

Gebedsondersteuning en Inligtingsbronne:



Laai ons GRATIS "VOM App" op u Slimfoon af.

Tik "Voice of the Martyrs" in die soekveld in op *Google Play* of op die *App Store.*

Daaglikse herinnerings om vir die vervolgdes te bid, navorsing te doen op Vyandige of Beperkte lande en die werk wat SVM daar doen; skakel in by *VOMRadio* plus nog vele, vele meer.

VOM App

Download on the App Store

ANDROID APP ON Google play

Christilike Sending Internationaal - Die Stem van die Martelare, Suid-Africa.

CSI | Posbus 7157, Primrose Hill, 1417 Suid-Afrika | Tel: 010 777 0114 (8vm-1nm) | Sel: 076-022-3336 (8vm-5nm)
E-pos: **cmi@vomsa.org/bianca@vomsa.org** | Webtuiste: **www.persecutionsa.org** |
Facebook@cmivomsa | Instagram@cmi - vomsa

Direkteure: Mnr A.B. Illman (Uitvoerend); Pastor R. Marsh; Mnr R. Keir; Mnr D. Kirton

© Toestemming vir die herdruk van enige gedeelte van hierdie nuusbrief moet van Christelike Sending Internasionaal aangevra word.